Die Kindheidsevangelie van Tomas

Die Kindheidsevangelie van Tomas

Watter soort kind was Jesus? Omdat daar in die Nuwe Testament so min oor Jesus se kinderjare vertel word, het Christene later allerhande verhale uitgedink oor watter soort kind Jesus was. Sommige van hierdie verhale is opgeteken in *Die Kindheidsevangelie van Tomas*. Hier is een van hierdie verhale:

[1]Toe die Kind Jesus vyf jaar oud was, was Hy besig om by ‘n drif in ‘n rivier wat sterk afgekom het, te speel. Hy het die lopende water in poeletjies laat inloop en dit dadelik skoon gemaak – deur net ‘n enkele bevel aan die water te gee. [2]Toe het Hy sagte klei gemaak en daaruit twaalf mossies gevorm. Hy het dit op die Sabbat gedoen. ‘n Klomp ander kinders het saam met Hom gespeel.

[3]Een van die Jode het gesien wat Jesus gedoen het terwyl Hy op die Sabbat speel. Hy het dadelik vir Josef, Jesus se pa, gaan sê: “Jy weet, jou seun is by die drif en hy het modder gevat en twaalf voëls daaruit gemaak. So het hy die Sabbatswette oortree!”

[4]Josef het soontoe gegaan. Toe hy sien wat Jesus gedoen het, het hy vir Hom geskree: “Hoekom doen jy iets wat ‘n mens nie op die Sabbat mag doen nie?” Maar Jesus het net sy hande geklap en vir die mossies geskree: “Weg is julle!” Die mossies het raas-raas terwyl hulle ‘n klomp lawaai maak.

[5]Die Jode wat dit gesien het, was baie verbaas. Hulle is daar weg en het aan hulle leiers gaan vertel wat hulle vir Jesus

sien doen het.

Skrywer: Prof Francois Tolmie